Aandpypie - geen wetenskaplike naam gegee nie

Aardboontjie

Aandroos (Cytinus dioicus)

Aasblom (Stopelia)

Adelaarsvaring > „The name alludes to a peculiar marking appearing on a cross section of the stalk." (p. 4) (Pteridium aquilinium).

Wilde-Agurkje = komkommer

Ajoosie (phellorina Delestrei)

p. 5. Akkerklawer (Trifolium agrarium)

p. 6. Altijdbos (Staavia radiata)

p. 8. Baardmannetjie (Melosphaerula graminea)

p. 10. Bessingbos (> besembos?)

p. 11. Betsie (Adenondra uniflora) in Wellington en Caledon

Bies (< biezen) - Scirpus litoralis.

Bijangel > skerp dorings (Azima Setroeantha)

p. 12. Blauwbekkie (Heliophila pilosa)

Blauwkappie

p. 13. Boetabessie (Osteospermum moniliferum)

p. 14. Boog (Croton gratissimus)

p. 15. Bout-kouterie (Gasteria-acinacifolia)

Brandbossie (< sigbaar na bosvuur as ander plante wegge-brand het) - Mohria caffrorum

p. 22. Dakruit (dekking) - Dovea tectorum

Dansdoorn (Aspalathus spinosa) - „Probably named by some barefooted person"

p. 25. Naam van die Eendjie < kinders speel met blare en laat hulle op water dryf

p. 28. Filabos (Laurophyllus capensis)

p. 29. Fluweeltjie (Sporoxis tricolor)

p. 30. Galsiektebos, Galbossie

p. 33. Goorappel (Pachystigma Zeyheri)

Gras: bewertjies (Briza media)

p. 36. Haasgras; Kalkgras; Klisgras; Klokkiesgras; Kaperdraad, Kruisgras, Krulgras, Kwarrel(s)zaad, Kweek

p. 36. Manna (Digitoria Sanguinalis)

Os-polgras (Eragrostis plana)

Pypgras; Rooigras; Steekgras (Aristida congerta); Suurgras; Suurpol

p. 38. Hanekom (Babiona ringeus); Hardebos

Heide (Erica sp.): Karkoor; Kapokkie; Rijs; Tierhoek

p. 39. Banketjie-heide (E. ventrieosa)

Washeide (E. denticulata)

Lekker-ruik-heide

p. 40. Herderstassie (Capsella bursa)

Hondgesicht (Phylica stipularis)

p. 43. Jakkals-jong (Stachys nugosa)

Juffertjie-roer-bij-de-nacht: Struthiola stricta : sterk geur slegs in die aand

p. 45. Kalossie (Eng. goloshes)

p. 47. Katnael (Scutia Commersonii)

Katoenbos - heet ook Wilde Kapok (wit kleur)

p. 48. Keurboom (soet geur)

p. 49. Kloos-Louwbos: (Althanasia trifurcata) - „One of the explanations given for the name is, that a certain form of this name allowed the bush to spread on his lands and this became the cause of the trouble it is causing the grain farmers now."

Kloppers-peule : vol lug, as jy daarop trap, bars dit met 'n ontploffingsgeluidjie.

p. 51. Kommetjie-teewater (Adenandra unifera)

Kooigoed : sag - as beddegoed deur inboorlinge en bergklimmers gebruik.

p. 53. Kweek (< Eng. quickgrass?)

p. 56. Malva (Pelorganium sp.) teen diarree.

Malmeidbossie

p. 59. Monnikbaard (Cuscuta nitida) : inheemse plant - naam moet uit vroeë Kolonie dateer; Katolieke inslag.

p. 61. Neutabossie (ook: Krimpsiekteplant)

p. 61. Noordpool (Euphorbia Schoenlandii)- Van Rhynsdorp - die ronde stamme wys almal Noord.

p. 61. Oondbos: Conyza ivæfolia - besems van bossie om oonde mee uit te vee.

p. 63 Omakappie; Oupapyp

p. 65. Papierblom (wit kleur)

Passieblom (< van Brasilië afkomstig)

Patrysblom (< patryse skuil daarin)

Peper en sout (wit en swart blomme)

p. 66. Pietjie Laporte (Frans?)

Pyn-in-sy-bors (Muraltia Beeliana)

p. 68. Pretoria bossie (Sida rhombifolia)

p. 72. Sambreelboom (Cussonia spicata) - vorm van die blare

Skaapbos (voer)

p. 73. Septemberbossie (Polygala myrtifolia)

p. 75. Slangblom

Snygras - blare is skerp - Scirpus maritimus

p. 76. Sosatie (soos die vleis-ry)

Spinnekopblom, -bos; lyk soos spinnekop

p. 77. Sterretjie - Curcutigo sp.

p. 79. Tandpynwortel

p. 80. Tee

p. 81. Terblanz (Faurea sp.) - Knysna

Terransibos (< Terras?) - Acacia stolonifera)

p. 82. Toetoe (Kaffer?)

p. 82. Tolbossie -> lyk soos kinderspeelgoed: tol

p. 83. Trots van Franschhoek: (Eng. Blushing Bride)

p. 89. Waterrolblom: (Gladiolus cordinalis)

Wewenaar (< Weduwnaar) - swart kleur assosiasie met rou-klere.

Weeskinners (Tritonia undulata)

p. 89. Wonderboom (Ficus cordata)

p. 94. Ag-dag-gras (Agtdaegras)

Bokriempie

Baarskwaad

Broek-en-baadjie

Dopkraal

Droëlewer

Jobskrallen (< tranen?)

Kêrelskos

Laloentjie

Meeuwgras

Reënbogies

Vishout

Maldoring.

(Hierdie groep is nie deur Marloth verklaar nie).

BYLAAG III

Aapse kos - Gardenia rothmannia

Ag-dae-geneesbos vir: Chironia baccifera
Lobostemon fruticosus
Psoralea decumbens
Hermannia cuneifolia
Hermannia hyssopifolia

Akkedispoot (Teucrium africanum)

Alsbossie (Monsonia biflora

Amarabos (Geranium sp.)

Anemoon (Anemone caffra)

Bakbos

Balderjan

Bandjiebos

Beesdubbeltjie

Beestebul

Bergbos

Bergkalmoes

Bergkamille

Berglelie

Biltou (Dimorphoteca sp.)

Binnewortel (Duta graveolens)

Bitterappel (smaak)

Blombos

Bloubuffel

Bobo (Fagara capensis)

Brakslaai (Mesembrianthemum crystallinum)

Braakranka

Buffelgras

Danielsbos (Bybel) - Gerbera burmannii

Dassieboegoe

Draaibossie

Drabok

Drolpeer

Droedas-kruie

Duiwelspis

Elandsboontjie-en-doring, -ertjie, -vye, -wortel

Fyn-taaibos

Geldbeursie

Gemsbokboontjies

Geneesblaarbossie

Gifappel, -blaar, -blad, -bol, -boom, -bossie, -doring

Hotnotskooigoed, -tee, -toontjies, -vy, koekmakranka

Huilbos

Jakkalsbessie, -bos, -pruim,

Jantjie-Barend

Jeukpol

Jeukui

Jobstrane

Koolblad,-blaar

Kaasjes

Kafferbessie, -boom, -druiwe, slangwortel, suring, tee,
-wag-'n-bietjie, -waterlemoen, -wortel

Kandelaar (Eng. chandler: kershouvasser)

Kankerblare, -bos

Kanniedood

Katdoring, -drieblaar, -kruie

Kersbos, -kershout

Ketting

Kiepersol (Cussonia spicata)

Klapper

Klapperbos

Kleinkoorsbos

Klimop

Klou-doring

Knikkertjie

Knopdagga

Koeëlbossie

Koeriemoer

Kooigoed

Kop[illegible]iefa

Kraaibos

Kragman (versterkinsplant)

Kreupelboom

Krimmetatboom

Kuskus

Kwaggakweek

Kweek

Kweepeer (-per?)

Langbeen

Langelier

Luibossie

Maag: bitterwortel, bos, bossie, pynbossie, wortel.

Maartblom, -lelie

Makbietou, makou, maksalie

Melkbos, -dissel, -gras, -tou

Nanbossie

Olieblaar, -olieboom, -neut, -hout, -pitte

Paddaklou, -stoel

Perdeboom, -bossie, -kloutjie, -pis, -pram, -stert, -vy

Poeierkwas

Raasbessie

Rankdoring

Rooibas, -blaar, -bos, -els, -doring, -stam, -storm

Sambreelboom

Sieketroos

Skilpadbessie, -bos, -kos, -tee

Slangbos, -gif, -houtjies, -kop, -kos

Sprinkaanbos

Stinkblaar, -bos, -gras, -kruie

Stuipebos

Suurbos, -doring, -karee, -lemoen, -noorsdoring, -pruim, -vy

Swart-stinkhout, -bas, -haak, -storm

Tandpynbessie, -wortel

Teringbos

Vaaibos, -boom, -bos, -tee

Van der Merwekruie

Vanwykshout

Varkblaar, -bossie, -sore; kos

Wewenaar

Wilde-als, -amandel, angelier, balderjan, dagga, druiwe, ertjie, kopiefa, kapok, kardeman, karmedik, kastaiing, katjiepiering, keur, knoflook, komkommer, malva, peper, pietersielie, pruim, ramenas, salie, selery, sering, suring, tabak, tulp, vlier, vyeboom, wingerd, wisteria, wit-magriet

Windmakersbos

Wit: beukehout, -els, -mekhout, -opslag, -viooltjie, -appeltjie, -bossie, -doring, -gatboom, -gatbos, -hout, -olyf, -peer, -salie, -stam, -ysterhout

Wynruit

Wynruik (koorsmiddel) 1)

---

~~Ongepubliseerde artikel deur dr. A. J. Coetzee oor die Afrikaanse Volksgeneeskunde, bestem vir E i g e n V o l k, 'n Nederlandse Volkskundige blad – wat egter net met die inval in die wiele gery is.~~

1) Versamel uit verspreide bronne.

Die volksmens kleef aan oorgelewerde taal, nes ook aan tradisies, sedes, gewoontes. Dit maak die volkstaal vol plaaslike eienskappe wat aan die kultuurtaal vreemd voordoen. Die volkstaal is veral natuurlik, en hierdie eienskap gee daaraan 'n ekspressiewe en kleurige karakter. Opvallend is dit dat die volkslewe en volkswese hom die trouste weerspieël vind in die volkstaal. Dit dra die kenmerke van breedsprakerigheid, herhalinge, onlogiese konstruksies, emfatiese gevoelslewe, voorliefde vir bestaande spreekwoorde en volkswysheid. In 'n enger sin dra baie benaminge 'n argaïese karakter en is dus 'n bron van baie wat volksaardig is. Dit lê besonderhede bloot i.v.m. die volksaard en sy herkoms, van sedes en gebruike, volksgeloof, volkskuns en volkswetenskap.

Benaminge wat uitvloeisels van die volksgeloof is, is o.a.: Drakensberge, Wonderboom, Muizenberg, Duiwelspiek.

Die spotname van stede en dorpe berus op die bekrompe gevoel of opvallende totaalindruk wat 'n plek op vreemdes maak. Dit ontstaan in Suid-Afrika veral as gevolg van 'n isolasie omrede die uitgestrektheid van ons land, wat dan 'n mate van engheid, agterlikheid, skep. Hierdie volkseienskap is ook 'n gebied van naamgewing in die volksetimologie, en is opvallend uit die volgende voorbeelde:

Vaalpense (Transvalers), blikore, backvelders, luilekkerland, Kanaän, breibrekke, sandtrappers, Samekak (Kakamas), windmakers, papvreters, laatslapers, piesanglanders, stoepsitters.

Byname geld ook in hierdie verband. Hulle kan ontstaan as gevolg van spotlus of liefkosing: uiloog, baberbek, vetsak, bottelbek; boetie, ouboet, seunie, skat. Verder geskied byname om spesiale eienskappe van persone te beklemtoon en soms word 'n man na sy vrou se naam genoem: Hendrik Bet; of soms kry 'n man die naam van sy plaas as bynaam: Hendrik Leliefontein. Liggaamlike en geestelike eienskappe van persone wat kenmerkend is, word ook aangewend as basis van 'n bynaam: Kruppel-Piet, Nekkie-Venter; en soms dien toevallige gebeurlikhede om 'n persoon van 'n bynaam te voorsien, byv. Oom Gert Buskruit. Laasgenoemde bynaam is gegee aan 'n oom wat 'n paar vingers verloor het as gevolg van 'n ongeluk met buskruit. Ou Bief het ontstaan as bynaam vir iemand wat deur blikkieskos vergiftig is.[1]

'n Aantal rioolwerkers het onder mekaar 'n interessante byname aangewend om mekaar te kenmerk. Ou „Spiedie" is die bynaam wat aan een gegee is, wat traag loop. Die kortes was onder andere ou Boesman, en die langes was ou Derms en ou Pull Through; ander was ou Ore, weens sy bakore, ou Neus en ou Hoenderbors.[2]

---

1) Vgl. „Die Brandwag", 16/6/39 - „Waar die Volk Skep" - dr. A. Coetzee.

2) Ibid., 25/8/39.

Die volk gee ook onaangename byname aan alles wat nie daarby byval vind nie. So klink die volgende na sedelike afkeur: Ou Sherriekantien. Hekelsug spreek uit ou Kanon, Snuifneus. Realisties en beskrywend doen die volgende voor: ou Gans - die bynaam van 'n nooi met 'n skor stem, - ou Pypman, die naam van iemand wat onafskeidelik verbonde is aan sy pyp, en kleurryk is ou Ek sê.[1] Verdere voorbeelde is Johannes Laatlam ('n langsame), Kroeskop, Piet Bandiet, Hendrik-Rooiwal, Lena-Koos, ens.[2]

Partykeer kry 'n hele geslag mense 'n bepaalde naam. So is „die Woepse" byvoorbeeld hulle naam verskuldig aan een van hulle geslag wat 'n groot boepens het. Ander voorbeelde bestaan in: die Pensse en die Nekke.

Dit is hierdie uitvloeisels van die volksgees wat daaraan 'n eie stempel gee en die kultuur van een volk onderskei van die van ander volke.

Die ossewa het 'n groot rol gespeel in die bestendiging van die Afrikaanse volkskultuur, en die os is nou daaraan verbonde. Meer is dit die kern, die tipiese van die volksiel wat hom openbaar in die name wat aan 'n span osse gegee word.

Die woord <u>berg</u> dui in die volgende gevalle op die grootte en besondere krag van die dier: Tierberg, Blouberg, Donkerberg.

Onderskeidend is Windvoël die naam vir 'n maer os, Lap die naam vir 'n bonte en Willeman < Wildeman; verder Potberg, Swartberg, Swartland, Soetland, Vastrap, Wysman, Rooiman, Rinkhals (< ring-hals)[3].

Die raaisel is die volk se vernuftoets. In hierdie opsig kan ons dit ook onder die volkswysheid skaar. Dit is bloot gerig op ondervinding, en is dus 'n ervaringstoets. Dit openbaar die volksiel, en in hierdie opsig veral sy vernuf en vindingrykheid. By 'n nadere ontleding van die raaisel vind ons dan ook dat dit nie soseer intelligensie is wat op die spel is nie, maar algemene waarneming van die gewone dinge in die lewe en omgewing van die volksmens. Geen logiese assosiasie (sielkundige „problem solving") is nodig by die oplossing nie. Sekere kenmerke van die raaisel-oplossing word gewoonlik in die raaiselvorm self aangedui, net genoeg om die herinnering aan vroeëre ondervinding op te wek.

In die raaisel word bekende stof wat op vroeëre waarneming of ondervinding berus, in 'n ongewone gestalte gegiet, bv.

> Daar kom 'n man van Amsterdam
> met honderdduisend pakke klere aan.
>
> (Oplossing: hoenderhaan).

---

1) t.a.p., 15/12/39.
2) Schonken, p. 123 - 134.
3) „Die Brandwag", 29/3/40.

Animisties van aard en getuigend van 'n baie ou herkoms is:

> Ek het twee wit perde, as ek hulle uit die
> stal haal is hulle bruin.
> (Oplossing: 'n Brood).

Klanknabootsend is:

> Al wiekker, al wakker,
> al oor die akker,
> die dooie maak die lewendige wakker.
> (Oplossing: 'n Sweep wat klap).

Die ouer raaiselvorm het in die vroegste tye geloofskennis getoets. So vind ons Bybelse stof in die volgende raaisel verwerk:

> Waarom het Moses (moet wees: N o a g ) geen peper in die
> ark geneem nie?

Nog 'n vorm van die raaisel word onderskei deurdat dit die woordorde van 'n vraag het, terwyl dit eintlik die antwoord konstateer:

> Hoe heet Kesta Karonis se hond,
> ek gee die woord so in jou mond!
> (Oplossing: Hoe).

Op die gebied van die volksetimologie bly daar nog vir ons oor om die etimologiese oorwegings na te gaan in verband met die name wat die volk aan diere gee. Dit is die gebied van dierenaamgewing in die volksetimologie.

Vorm, kleur- en ander eienskappe gee aanleiding tot die name wat aan slange gegee word. Besonder skilderagtig en beskrywend is ons slangname veral: Skaapsteker, bergadder, dakslang (dier lewe in ou dekgras), eiervreter, swartslang, nagadder, swartkop, bruinkapél, geelkapél, spuugslang, dasadder.[1]

Ander bekende Afrikaanse name vir slange is:

> luislang (Boidae)
> molslang x swartslang (Pseudaspis rufulus)
> nagslang (Lamprophis aurora)
> luisslang (Boodon lineatus)
> bontslang (Lycophidium capense)
> rooislang (Homalasma lutrix)
> groen-waterslang (Gen. Chloraphis)
> bosslang (Gen. Philathalamnus)
> driekantige-slang x vylslang (Simocephalus Capensis)

---

1) Scholtz, p. 81 - 82.

eiervreter (Dasypeltis scobra)

rooilipslang (Leptodira hotamboeia)

sand- of grasslang (Gen. Psammaphis)

voëlslang (Thelotornis kirtlandii)

boomslang (Dispholidus typus)

swartnekkobra x swartnekkapél (Bantoe:m'fesi) - Naia nigricollis.

kousbandslang (Gen. Elapechnis en Homorelaps)

memba (Dendropsis angusticeps)

pofadder (Bitis arietans)

Kaapse pofadder (B. inornata)

horingmanslang (B. cornuta)

grondadder (Gen. atractaspis).[1]

Die volk se kennis van die dierelewe in sy natuuromgewing word in die taal oorgedra. Ons tref 'n aantal spreekwoorde en vergelykings in die volkstaal aan wat op hierdie aspek van die volkswysheid dui, bv.:

So bang soos 'n luis op 'n vingernael

eensaam soos 'n luis op 'n bleskop

raas soos 'n brommer in 'n bottel

so vrypostig soos 'n brommer op 'n bol mis

so lastig soos vlieë op 'n hond se seer

so lastig soos Aprilmaand se gatvlieë

taai soos 'n ratel

swem soos 'n rot

vol planne soos 'n bokwa bobbejane

vriendelik soos 'n armvol katte

kwaai soos 'n tierwyfie met kleintjies

waterige oë soos 'n fonteinpadda s'n

Hy is soos 'n bosluis,
waar hy sit, is hy tuis.

'n Bolip soos die van 'n baber

Kaal soos 'n klein kalkoentjie

---

1) Vgl. Fitzsimons, p. 86 - 89.

lang bene soos 'n reier

dronk soos 'n geilsiekskaap

boepens soos 'n hanslam

plooigesig soos 'n mofskaap

holrug soos 'n kaffermerrie

trots soos 'n vryperd

wild soos 'n veldmerrie

hare soos 'n mofbees in die winter

'n snor soos die weglê-horings van 'n Afrikanerbul

steun soos 'n os wat in die lusernland was

stadig soos 'n slak

eet soos 'n wolf

dom soos 'n uil

slu soos 'n jakkals

nors soos 'n buffel

sku soos 'n otter

rats soos 'n ribbok

nuusgierig soos 'n meerkat

skree soos 'n kwêvoël

raas soos 'n tarentaal

bakore soos 'n olifantbul

lang nek soos 'n reier

klein soos 'n tintinkie

babbel soos spreeus

lastig soos 'n rooimier

rein soos 'n duif.[1]

Onder die spreekwoorde in Afrikaans kom diere-motiewe voor:

noustrop trek

agteros kom ook in die kraal

baie mak skape gaan in 'n kraal

jakkals prys sy eie stert

---

1) Kok, p. 15 - 117.

jakkals sê: hardloop is 'n goeie ding,
maar dan moet jy betyds begin.

jakkalsdraaie maak

'n kapokhaantjie wees

visvang (Sluimer)

'n trapsoetjies wees

'n bok skiet (lieg)

bokveld-toe gaan

iemand seekoeirib gee

hy het 'n renostervel

hy het ystervark gaan staan.

By die naamgewing van diere speel ook twee hoofpunte 'n belangrike rol, t.w. 1) name word aan mak en bekende diere gegee, en 2) name word aan wildediere gegee al na gelang van hul aard en die assosiasies wat hul by die landman opwek. Oor die algemeen tref ons min of meer dieselfde motiewe weer aan as wat ons by plantnaamkunde teëgekom het. Die volk se taalwerksaamheid en taalvermoë vind weereens 'n intieme weerbeeld in die dierenaamkunde. Ons kan dit as volg aantoon:-

a. Naamgewing na aanleiding van k l e u r :-
Blesbok, rooibok, grysbok, bloubok, swartbok, bontbok, swartwitpensbok, swartmaanhaarleeu, bontpootleeu, rooihaas, kolmol, blesmol, vaalmol, rooimeerkat, streepmuis, rooikat, bontkat, bleshoender, rooibekkie, bloukop-klipsalmander, blouluis, bontbosluis.

b. Naamgewing na aanleiding van u i t e r l i k e v o r m - e i e n a a r d i g h e d e :-
kommetjiesgatbok, kringgatbok, poenskop-olifant, maanhaarjakkals, kommetjiesgatmuishond, kolhaas, waaierstertmeerkat, stokstertmeerkat, glasogie, hamelstertgeitjie, wipgatmier, bakkopslang, kortonderbekvis.

c. Naamgewing na aanleiding van dier se v e r h o u d i n g t o t s y o m g e w i n g :-
bosbok, rietbok, vlakbok, waterbok, klipbok, vlakvark, boskruipertjie, duinspreeu, bergkanarie, strandlopertjie, klipdas.

d. Naamgewing volgens dier se leefwyse en gewoonte:-
Klipspringer, draaijakkals, krimpvarkie, rolystervarkie, tabaksrolletjie, miskruier, padloper, blaasop, brulpadda, koggelmannetjie, brulvoël, koestertjie, koeslewerkie, skaapwagtertjie ('n voël wat van die bosluise van skape leef en hulle dus agtervolg), boomsingertjie, houtkappertjie, wynvliegie, koringkriek, dopspinnekop, voetgangersprinkaan, trapsoetjies, langasemvoël.

e. Naamgewing na aanleiding van ooreenkoms tussen wilde- en mak diere:-
Wildebees, wildeperd, wilde-esel, wildehond, wildekat, wildehoender, wilde-eend, wildemakou.

f. Naamgewing na aanleiding van fantastiese ooreenkomste en begrippe:-
Namakwaduif, Jerusalemsponies (luis), Rhodesvoël, Hotnotsgod (mantis) x skurwejantjie x karkoehotnot.

g. Naamgewing as gevolg van <u>geluide</u> met diere geassosieer:-
gans, korhaan (< knorhaan), kiewiet, mahem, ghoera, ghoeboe, toktokkie,[1] klap-klappertjie.

h. Naamgewing i.v.m. reptiele:-
Bloubaard, koggelmannetjie, sandkruiper, bergsalmander, padloper (skilpad), reënpadda, waterpadda,[2] geitjie, graatjie.

i. Naamgewing oorgeërf uit ander tale:-
pikkewyn < Ndl. en Port. 'n Vorm van 1715 is pikowyn;
malgas < mangas de vellu do (Port.) x Lat. marus capensis;
jakopewer, malmok (Thalassarche sp.);
noordkaper, noordkapper;
drievis;
koedoe (< Inboorlingtaal);
oorbietjie (< Inboorlingtaal);
ghnoe (Inboorlingtaal > koedoe).[3]

'n Hele aantal begrippe in verband met die boerdery het ook in die taal ontstaan. Hieronder geld benaminge soos: agteros, vooros, onnaasagter, naasvoor, hot, haar, hotagter, kleurspan, mofbees, onkleurspan, damarabees; verder: veldperd, kolbooi, Basoetoponie,

1) Boshoff, p. 306 - 312; ook Scholtz, p. 1 - 86.
2) Scholtz, p. 81.
3) Scholtz, p. 43.

kolbles, steeksperd; konkelooi, horingsmanooi, vasmaakooi, weggooi-ooi, swartskaap, poenskopooi, winterlam; boerbok, sybok, kafferbok; kapokhaantjie, veerpoothoender, verkeerdeveerhoender; alles wat baster is, heet „kaffer", so bv. kafferhoender; ook val die name van 'n aantal veesiektes onder hierdie afdeling van die volksetimologie: bloedpens, bloutong, bloukopsiekte, agteroorsiekte, gallamsiekte, ooskuskoors, rooiwater, geilsiekte, klousiekte.[1]

'n Interessante verskynsel in die volksetimologie is wat ons dieretaal-verklaring kan noem. Die geluide van diere word omgesit in bekende woorde:-

„Petersielie", sê die patrys;
„Ek het 'n eier gelê", sê die hoender;
„Wa-só, wa-só", sê die makou;
„In die koelte, in die koelte", sê die kalkoen;
„Bankrot, bankrot", sê die tarentaal;
„Ek is kwaad, ek is kwaad", sê die fiskaal (die naam van die fiskaal dateer waarskynlik uit die vroeë 18de eeu, toe fiskale soos die berugte Blesius klein tiranne in die Oos-Indiese Kompanjie was).

Uit die aard van die landsaard kan die besondere afwesigheid van visname in ons volkstaal waarskynlik verklaar word. Baie visname is oorgeërf uit Nederlands en stam uit 'n vroeë tydperk van ons ontwikkelingsgeskiedenis. Die seebamboes is eertyd deur die naam a l v e r c o o r aangedui, wat oorgegaan het tot h a l f k o o r d . Die daeraad-vis het sy naam te danke aan die Portugese benaming d o r a d o , wat goudkleurig beteken. Die Latynse naam is P a g r u s l a t i c e p s . Meer modern is die visnaam b o n i t a .[2]

Sommige diere wat in die stamland bekend was, is netso hier benoem. Sulke name is die van die visse harder, makriel, marsbanker, knorhaan, elf, spierinkie, kabeljou. Die snoek is in Nederland bekend as 'n varswatervis, hier as 'n seevis.[3]

Koloniaal-Nederlands is visname soos pagger x bagger x varswater bager. 'n Maleis-Portugese inslag word aangetref in janbruin x tambryn < tamborino.[4]

Name vir seediere in ons volkstaal is meestal uit die seemanstaal oorgeneem. Ons noem o.a. : oeroer, ontong, panga, parrie, tjokka, bamboes x jamboes, soetemaling, stompneus, galjoen, klipvis, leervis, strontvis.[5]

Onder eie-Afrikaanse visname dien die volgende genoem te word:

---

1) Boshoff, p. 311 - 312.
2) Scholtz, p. 6.
3) t.a.p., p. 7.
4) Ibid., p. 23 - 24.
5) Ibid., p. 26.

roman (Chrysophrys cristiceps) < rodeman x rooman, 'n naam wat van die kleur van die betrokke vis afgelei is. Ander voorbeelde bestaan in klipkant, kliproos, josef, dodskop (< doodskop), witvis, stranddubbeltjie;[1] ook koningklipvis, bastersilwervis, steenbras, luihaai, geelvis, moddervis, platkop, rooivlerkkarper, kurper.[2]

Die taalgeografiste sal op die gebied van visname waardevolle navorsing kan doen. Die kusgebiede van ons land en langs die oewers van die vernaamste riviere en mere sal die aangewese terreine vir so 'n ondersoek wees.

## B Y L A A G   I V

**AFRIKAANSE DIERENAME VAN DIE KRUGER-WILDTUIN.**

(Uit: „Ons S.A. Nas. Wildtuine" - kol. Stevenson-Hamilton; uitgawe van die United Tobacco Co., 1946).

Tsessebe, nou verwant aan die hartbees.

'njala, familie bosbok.

Stinkmuishond.

Troupand, 'n voëlsoort.

Grondeekhoring (Geosciurus capensis).

Eland (Taurotragus oryx).

Seekoei (Hippopotamus Amphibius).

Buffel (Bubolus caffer).

Kameelperd (Giraffa camelopardalis).

Waterbok (Kobus ellipsiprymus) - name veral aan grootwild deur jagters gegee. Let op dat almal lokaliteitsaanduidinge in het. Die habitasie van die dier is vir die jagter natuurlik van primêre belang).

Geelbek-neushoringvoël (Lophoceros leucomelas).

Olifant (Loxodonta africana)

Leeu (Panthera leo).

Vaalboskat (Felis ocreata).

Bobbejaan (Papio porcarius).

Swartwitpens (Hippotragus niger).

Wilde Tarentaal (Numida mitrata).

---

1) Scholtz, p. 53.

2) Ibid., p. 83.

Ietermagô (Smitsia temmineki).

Gompou (Choriotis kori).

Rooibok (Aepyceros melampus).

Tierboskat (Leptailurus Serval).

Bergkwagga (Hippotigris zebra).

Bastergemsbok (Oryx gazella).

Springhaas (Pedetes cafer).

Tierwolf (Crocuta cr.).

Bloukraan(voël) (Tetrapteryx paradisea).

Rooibok - sien bo.

Basterhartbees (Damaliscus lunatus).

Aasvoël (Gyps coprotheres).

Draaijakkals (Vulpes chama).

Rooibek-neushoringvoël (Lophoceros erythror).

Steenbok (Raphiceros, campestris).

Muskejaatkat (Genetta felina).

Klein grys-muishond (Myoax Pulverulentus).

Volstruis (Struthio australis).

Swartrenoster (Diceros bicornis).

Blouwildebees (Gorgon taurinus).

Witrenoster (Ceratotherium simum).

Steenbokooi, sien bo.

Klipspringer (Oreotragus or.).

'njala (Tragelaphus anyasi).

Kaapse otter (Aonyx capensis).

Stokstert-mierkat (Suricatta su.).

Duiker (Sylvicapra grimmia).

Kapêl (Naia flava).

Pofadder (Bitis arietans).

Luislang (Python sebae).

Boomslang (Dispholidus typus).

Rooijakkals (Canis mesomelas).

Bontbok (Damaliscus pygargus).

Grysbok (Nototragus melanotis).

Rietbok (Redunca Arundinum).

Nagapie (Galago Moholi).

Vlakhaas (Lepus capensis).

Vlakvark (Phacochoerus aethiopicus).

Luiperd (Panthera pardus).

Bontkwagga (Equus quagga).

Natal-duiker (Cephalophus natalensis).

Swartwildebees (Connochaetes gnu).

Kaapse Katooruil (Bubo capensis).

Sekretarisvoël (Sagittarisus serpentarius).

Vaalribbok (Pelea capreolus).

Berghaan (Terathophius ecaudatus).

Waterkoedoe (Limnotragus Selousi).

Klipdassie (Procavia capensis).

Jagluiperd (Acinonyx jubatus).

Rooikeelbyvreter (voël) -(Melittophagus bullockoides).

Mahem (Balearica regulorum).

Gemsbokmuis (Grophiurus ocularis).

Rooihartbees (Bubalis caama).

Krimpvarkie (Æthechinus frontalis).

Blouaap (Cercopithecus aethiops).

Bosbok (Tragelaphur scriptus).

Strandwolf (Hyaena bruunea).

Witwang-ooruiltjie (Otis leucatis).

Lammervanger (Polemaetus bellicosus).

Krokodil (Crocodilus niloticus).

Vrugtevlermuis (Rousettus leachi).

Knysna-loerie (Turacus corythaix).

Wildehond (Lycaon pictus).

Stinkmuishond (Ictonyx striatus).

Bloubokkie (Cephalophus monticola).

Ystervark (Hystrix africae-australis).

Witkwasjakkals (Canis adustus).

Troupand (voël) - Coracias spatulatus.

Springbok (Antidorcas marsupialis).

Swartkop-reier (Ordea melanocephala).

Likkewaan (Varanus nilaticus).

Erdvark (Oryteropus cafer).

Bosvark (Potamochoerus).

Grondeekhorinkie (Geosciurus).

Ratel (Mellivora capensis).

Pelikaan (Pelecanus roseus).

Ten slotte behandel ons in die Afrikaanse Volksetimologie voëlname. Die Afrikaanse bodem is ryk aan voëlsoorte. Name aan ons land se voëls gegee, stam direk uit die gees en aard van die landman wat in aanraking met die betrokke voëls kom. Sy kennis van die voëls en sy omgewing kan ons uit sy naamgewing leer. Mense wat nader aan die natuur staan, beskou ook die voëls anders as die kultuurmens.

Die onderliggende verskynsels werksaam by hierdie afdeling van die volkstaalkunde is:-

1. Beskrywing van 'n voël volgens een of ander kenmerk.
2. Naamgewing na aanleiding van onomatopeïese oorwegings.
3. Naamgewing na aanleiding van die volk se kennis aangaande die verblyfplekke van voëls.
4. Naamgewing wat spruit uit die volksgeloof.
5. Beskrywing naamkundig volgens analogie met alreeds-bekende diere.
6. Naamgewing na aanleiding van die gewoonte van sommige voëls.
7. Benaming wat berus op die volk se intimiteit met voëls en hul gewoontes.
8. Naamgewing oorgeneem uit vreemde tale.

Verder toon 'n ontleding van die Afrikaanse volksnaamgewing op hierdie gebied die drang en behoefte om voëls wat amper eners lyk, tóg op een of ander wyse verder te onderskei en nader te bepaal. Dit is ook 'n openbaring van die vernuf van die volksmens, sy wetenskaplike sin en verstandelike krag. Die volksmens se vaardigheid in die omsmeding van die bestaande taalmateriaal om 'n nuwe en onbekende begrip aan te dui. Hierdie aspek van die Afrikaanse Volksetimologie dui op 'n intieme samehang met die volksiel, want hierdie benaminge lig die rou en rasegte sfeer van die volkslewe toe; ook hoedat die bodemsgesteldheid saamhang met die taal en die invloed van die omgewing op die volksiel.

Die vernaamste ordes wat aangetref word is die roofvoëls, uile, kleinvoëls, duiwe, hoenderagtiges, ooievaars, swemvoëls, meeue, snippe, sangvoëls.[1]

'n Paar van die oudste voëlname in Afrikaans is bergeend, snip, waterhoender, krapgans, reier, kwartel, kraai, spreeu, mossie.

Nederlandse toepassings op hierdie gebied is o.a. : duiker, korhaan, fisant < fazant, patrys, vink.[2]

Onder die oudste name op die gebied van ons voëlname is geelbekeend, rooibekkie, slangvreter > sekretarisvoël (naam na aanleiding van kopvere wat soos die potlode van 'n sekretaris agter die oor lyk).

Tussen 1715 en 1785 is die volgende name geskep: hagedos, hadelde, haddadas, addada, wildekalkoen, gier x strontvoël > aasvoël, witvisvanger x paddavreter < kikvorsvanger, ook die uil (Tytoalba) waaraan deur die „bygelowige koloniste" die naam d o o d v o ë l gegee is; tarentaal (Numida mitrata coronata) < terra de Natal; Namakwapatrys en -duif.[3]

Onder die name van roofvoëls word aangetref: aasvoël, muisvoël, visvangertjie, kanariebyter, laksman, janfiskaal, spreeuvolk, muisuil. Opmerklik is die prooi in dieselfde naam as die van die voël aangebring. Ander roofvoëls is vaalaasvoël, witaasvoel, dassievanger, lammervanger, tjokkerbekaasvoël, kuifkopvalk, sprinkaanvoël, bosluisvoël.[4]

Klanknabootsing lê ten grondslag van die volgende aantal voëlname in Afrikaans: Janfrederik, jandiederik, janpierewiet, piet-ses-perdewa, piet-my-vrou, piet-tjou-tjou, piet-maak-gou, pie-pa-pou, pappelwiet, bokmakierie, kelkiewyn, bietjiereën, jaapjapie, dirkdirkie, kwêvoël, kôvoël, poepoe, hoepoe, koerkoerduif. Baie suiwer Afrikaans is sulke name.

Samestelling van 'n aantal begrippe is soms die basis van 'n nuwe voëlnaam. So gryp die volk na bekende begrippe, verbind hulle, en vorm 'n nuwe woord. As ons die gebied van Afrikaanse voelname oorskou, word ons weer meteens getref deur die lewendigheid van die skepping wat op hierdie gebied van ons volkstaal aan die gang is. Ons wys op die volgende voorbeelde:-[5]

Geelkuif-pikkewyn.

Akkedis-valk.

Dwerg-arend.

---

1) Vgl. Van Rooyen, G. H. en J. de V. Heese: „Ons Land se Voëls", 1936, p. 180 - 181.

2) Scholtz, p. 7.

3) Ibid., p. 84 - 86.

4) Ibid., p. 57 - 58.

5) Roberts, dr. Austin, „The Birds of South Africa", 1940, I n d e x.

Langkuif-arend.

Bandkeel-kleinjantjie.

Bandvlerk-wewer.

Bank-duiker.

Beloog-bontrokkie.

Bergtop-uit.

Bleek-karoo-lewerkie.

Blou-kakelaar.

Bloustormvoël.

Boslaksman.

Bosmusikant.

Breëstert-grasvoël.

Bruin-pyl-stormvoel.

Buffelwewer.

Damara-langbek-lewerkie.

Damara-windswael.

Drakensberg-huilende-tintinkie.

Drakensberg-pietjie.

Europese-grasbors-seeswael.

'n Aantal voëlname bevat die voorvoegsel „Europese", so bv.

Europese-gryslaksman.

Europese-huisswael.

Europese-vleisanger.

Sommige voëlname dui op die verblyfplekke van die voël: Bos-sanger, Bosveld-fisant, Kaapse fisant, Kalaharie-fisant, Kaapse see-duif, Kaapse rietsanger, Kaapse lyster, Kaapse tiptol, Europese padda-vreter, Kaapse wees, Namakwa-lyster, Natal-visvanger, Natal-lawaai-maker, Monterose-rooiborsswael, Oostelike (Provinsie) kalandra-lewer-kie, Vrystaat-patrys, Sambesie-bontrok, Sambesie-laksman, Sambesie-stekelstert, Sambesie-windswael.

Selfverklarend is name soos: Baardmannetjie, belkroon (naam af-gelei van voël se keelbelletjies), buffel-wewer (hierdie voël word altyd naby buffels aangetref, en leef waarskynlik van die diere se bosluise), dikbek-sysie, donsveer-stormvoël, dopertjie, Drakensberg-huilende-tintinkie, duikende stormswael, dwerglangtoon, edel-valk

(naam waarskynlik as gevolg van die feit dat hierdie voël nie jag nie), fluit-eend, dikbek-fret, rooirug-fret, gebaarde janfrederik, geelbek-eend, geelbekrenostervoël, geelbektroupad, geelbek-wit-reier, geelbêls houtkapper, geelglasogie, geelstreep-boskruiper, gespikkelde boomkruiper, gevlekte lyster, gevlekte klopkloppertjie, gewone kiewietjie, glansspreeu, Fyslaksman.

Aangesien die kleur van voëls gewoonlik hulle opsigtelikste en ooglopendste eienskappe is, kom talle byvoeglike naamwoorde in voëlnaamverbindings voor wat op hulle kleur-eienskappe dui. Voorbeelde is onder andere: grys-strandloper, glansende ibis, swartkop-rooivlerk-laksman, rooi-ossie, rooibeklewerkie, silwerstormvoël, witgatspreeu, withalskraai, witoor-houtkapper, witoor-kaffertjie, wit-stormvoël, witwang-ooruiltjie, swartbont-katoekoeroe.

Met persoonsname is sommige voëlname vasgekoppel: Bathose-lewerkie, Kemphaan, Pietjie-kanarie, Pietjoujou, Shelleyse patrys.

Verskeie voorvoegsels soos groot- en klein- dui op die uiterlike vorm van sommige voëls: Grootvleisanger, -rooivalk, -mossie, -heuningwipper; klein-gevlerkte arend, -sprinkaanvoël, -wulp, -waterhaan.

Sommige voëls word met ander diere deur die volk geassosieer, vandaar name soos: Hoenderjaer, jakkalsvoël, kaalwangkatlagter, padda-korhaan, akkedisvalk.

In baie gevalle het die etimologiese beginsel waarop die naamgewing berus, al verbleek. Ons noem in hierdie verband die volgende gevalle: tamboerynduif, mannetjie-eend, familievoël, flap, kolganggans, glasmeerle, groenpoetruiter (uit Ndl.), helmlaksman, hiete, laphanger, kerkuil, kroet, kunene-fisant, luiaardse streepkop-sysie, lepeloor, mees, marnik-aasvoël, mooiemeisie, porseleinhoentjie (< hoender), roerdamp (assosiasie met die jag?), tjeriktik (klanknabootsend?), tierelier (waarskynlik ook klanknabootsend).

Merkwaardig is verder: Breëstert-grasvoël, kremetart-laksman, mikstert-byvanger, monnik-aasvoël, oopbek-ooievaar, wolnek-ooievaar, waterrol-rier, neus-ooruil, reus-reir, saadbreker, saagvlerk-swawel, waterploeger, wimpelvlerk-naguiltjie (< wimpel = toe?), wipstert, kwikstert.[1] Eienskappe soos kleur, gewoonte, keelgeluid, vorm van vlerke, pote, nek, kop, oë, vere, bek, word alles deur die fyn waarnemingsvermoë van die volksmens by naamgewing aangewend. So word die volksetimologie onbewus uitgebrei.

Verblyfplekke soos water, oewers, bosse, die see, riete, vleie, word ook in die naamgewing gebruik ter onderskeiding van verskillende voëlsoorte.

Volgens die naamgewing kan 'n mens oordeel dat die Afrikaanse

1) Vgl. Roberts.

volksmens 'n uitgebreide en intieme voëlkunde beoefen. Heg aan die suiwerste essensies van die volksiel versmee, is die volk se taalaanwending om die voëls van sy omgewing te onderskei. Eg-Afrikaans en uit die Afrikaanse volk se diepste wese spruit 'n naam soos „nimmersat" vir die Ibis ibis wat deur sy rusteloosheid gekenmerk word. 'n Naam soos soolbek-ooievaar is net so suiwer Afrikaans van gees. Hierdie voël (die Ephippiorphynchus senegabensis), het 'n eienaardige uitgroeisel oor sy bek, wat baie na 'n sool lyk. Die verbeeldingskrag van die volk word gestu deur sy daaglikse ervaring, vandaar dat die begrip „sool" so skilderagtig aangewend is.

Naas die skool-ornitologie tier die volksvoëlkunde welig voort. Ons het hier slegs een gebied, nl. die volksetimologiese aspek van die Afrikaanse volksvoëlkunde nagegaan.

B Y L A A G V - V O Ë L N A M E .

(„Ons S.A. Voëls" deur dr. A. Roberts; United Tobacco Co., Album).

Kaapse duikertjie (Poliocephalus ruficollis capensis).

Klein Pelikaan (Neopelecanus rufescens).

Soolbek-ooievaar (Ephippiorhynchus senegabensis).

Nimmersat (Ibis ibis).

Hagedas (Hagedashia h. h.).

Wilde Makou (Plectropterus gambensis).

Dwerg-gans (Nettapus auritus).

Slap-eend (Spaluta clypeata).

Rooibek-eendjie (Paecillonitta erythrorhyncha).

Sekretarisvoël (Sagittarius serpentarius).

Edelvalk (Hieroflaco biarmicus b.)

Westelike rooipoot-valkie (Erythropus vespertinus).

Ngami-rooivalkie (Erchneis tinnunculus ngamiensis).

Geelbek-wou of kuikendief (Milvus aegyptius parasitus).

Visarend (Cuncuma vociferv).

Berghaan (Terathopius ecandatus).

Natal-tarentaal (Numida mitata coronata).

Natal-fisant (Chaetopus natalensis).

Bontkwartel (Coturnix delegorgueid).

Bosveld-kwarteltjie (Turnix lepuranal).

Rooibors-vleikuiken (Sarothrura rufar).

Riethaantjie (Rallus caerulescens).

Koningriethaan (Porphyrio madagascomensis).

Watertrapper (Podica senegalensis petersi).

Mahem (Balearica regularum r).

Veldpou (Neotis cafra c.).

Boskorhaan (Laphotis ruficrista).

Langtoon (Actophilornis africanis).

Steenloper (Arenonia interpres).

Drieband-strandlopertjie (Afroxechus tricollaris).

Kiewietjie (Stephanibyx coronatus c.).

Bont-kiewietjie (Haplopterus armatus).

Snip (Capella nigripennis n.).

Waterdikkop (Oedinemus vermiculatus v.).

Bloukop-drawwertjie (Cursorius rufus).

Klein-sprinkaanvoël (Glareola pratincola fulleborni).

Gryskop-meeu (Hydrocoloeus/cirrocephalus).

Waterploeër (Rhynchops flavirostris).

Namakwa-patrys (Pterocles namaqua n.).

Geelbek-bosduif (Stictoenas arqmtrix a.).

Kaapse Torteldauif (Afropelia capicola c.).

Namakwa-duif (Oena capensis c.).

Kaneelduif (Aplopelia larvata l.).

Natal-pappegaaiduif (Vinago delalandii d.).

Kaapse pappegaai (Poicephalus robustus r.).

Goudsnip (Rostratula benghalensis).

Bloukuif-loerie (Gallivex porphyveilophus).

Piet-my-vrou (Notococcyx solitarius).

Diedrikkie (Lampromorpha cuprea).

Groot-vleiloerie (Centropus cupreicandus).

Nonnetjie-uil (Tyto alba affinis).

Kaapse OOruil (Otus senegalensis latipennis).

Kaapse Katooruil (Bubo capensis).

Vuurnek-naguiltjie (Nyctisyrigmus pectoralis fervidus).

Wimpelwerk-naguiltjie (Cosmetornis vexillarius).

Swartwindswawel (Miropus barbatus).

Rooiwang-muisvoël (Urocolius indicus indicu).

Bosloerie (Apaloderma norina n.).

Grootblou-visvanger (Alcedo semitorquata).

Geelbek-boslaksman (Nicator chlorisgularis).

Rooibors-byvreter (Melittotheres Nubicoids).

Rooikeel-byvreter (Coccolarnix bullockoides).

Klein-byvreter (Melittophagus pusillus merdionalis).

Swaelstert-byvreter (Dicrocercus birundineas n.).

Troupand (Coraciura caudata c.).

Hoep (Upupa africana a.).

Kakelaar (Phoeniculus purpureus p.).

Geelbek-neushoringvoël (Nototockus monteiri).

Bromvoël (Bucorvus cafer).

Koekoek (Cuculus canorus c.).

Kuifkop-houtkapper (Trachyphonus vaillantii v.).

Groot-heuningwyser (Indicator i.).

Grondspeg (Geocolaptes olivacus).

Draaihals (Jynx ruticollis r.).

Rooinek-lewerkie (Africorys africanus a.).

Angola-pitta (Pitta angolensis longipennis).

Witkeel-swael (Hirundo albigularis).

Grootstreep-bosswael (Cecropis Cucullata).

Kleinstreep-bosswael (Cecropis Apyssinica unitatis).

Gebande oewerswael (Neophedina-cyncta c.).

Blou-katakoeroe (Coracina murina m.).

Wielewaal (Oriolus o. o.).

Swartkop-wielewaal (Oriolus monachus larvatus).

Swartkraai (Heterocorax Capensis c.).

Kaapse kapokvoël (Anthoscopus minutus m.).

Wit-katlagter (Turdoides Bicolor).

Stormberg-katlagter (Chaetops Aurantus).

Rooibek-tiptol (Lioptilornis nigricapillus).

Rooioog-tiptol (Pycnonotus Nigricans).

Gevlekte lyster (Psophocichla Litsitsir).

Kaapse Klipwagter (Pinrornis rupestris).

Dassievoël (Thamnolaea cinnamomeiventris c.).

Gestreepte wipstert (Erythropygia leucophrys l.).

Witkol-janfrederik (Pogonocichla stellata s.).

Gebande Ruigtesanger (Calamonastes fasciolatus f.).

Grasvoël (Sphenoeacus afer a.).

Tintinkie (Cisticola juncidis terrestris).

Bruinsy-langstert-tintinkie (Prinia mistacea affinis).

Tjeriktik (Parisoma subcaeruleum s.).

Bos-bontrokkie (Batis capensis c.).

Bont-kwikkie (motacilla vidua).

Geelkalkoentjie (Macronyx croceus vulturus).

Rooskeel-kalkoentjie (Macronyx ameliae).

Janfiskaal (Fiscus collaris c.).

Rooibors-kokkewiet (Laniarius atroccineus).

Bokmakierie (Telophorus zeylonusz).

Vaalspreeu (Reatophora carunculata).

Klein-glansspreeu (Lamprocolius nitens phoenieopterus).

Witgatspreeu (Spreo bicolor).

Rooibek-renostervoël (Buphagoides erythrorhyncus caffer).

Rooibors-suikervoël (Promerops gurneyi).

Jangroentjie (Nectorinia Famosa f.).

Oranjebors-suikerbekkie (Maricornis mariquensis m.).

Marico-suikerbekkie (Anthobophes violacea).

Grootrooibors-suikerbekkie (Notiocinnyris afer).

Swartsuikerbekkie (Chalcomitra amethystina).

Groen-glasogie (Zosterops virens).

Mossie (Passer melanurus).

Boswewer (Symplectes bicolor b.).

Rooivink (Pyromelana orix orix).

Flap (Diatropura procne p.).

Niassa-saadbreker (Pirenestes minor grant).

Melbavink (Zonogastris melba m).

Blousysie (Uraeginthus angolensis a.).

Rooibekkie (Estrilda astrild).

Hiets x Koningrooibekkie (Vidua macroura).

Breëstert Paradysvink (Steganura aucupum obtusa).

Geeloog-sysie (Serinus mozambicus m.).

Rooirug-geelstreepkoppie (Emberiza flaviventris f.).

Gebondenheid aan die aarde skyn dus uit die volkswysheid 'n volkskundige verskynsel te wees. Ook die volkswysheid is gedrenk in die sfeer van die landman wat op sy bodem met groot liefde uit die aard van sy natuurlike menslikheid sy bestaan aan sy natuuromgewing ontworstel. 'n Studie van die volkswysheid toon ook dat die begrip in verband met die volk wat die onderwerp van volkskundige studie vorm, beslis beperk moet bly tot die sosiale onderlaag, die breë volksmassa, in teenstelling tot die bourgeoise en intelligentsia. Soos voorop gesê, is ons doel 'n sintese van die a a r d van die Afrikaanse volk, soos dit opgemaak kan word in sy volkswetenskap, soos dit vervat is in sy volksgeneeskunde, sy volkswysheid, volksweerkunde, volksplantkunde en volksdierkunde.

Naas die aangebore geestesaard wat elke mens deelagtig is, word die volksmens verder vervorm deur aanraking met sy bodem. Daarom groei daar op elke bodem 'n bepaalde s o o r t volksmens op. Gedurende 'n paar eeue het die Suid-Afrikaanse bodem ook geboorte gegee aan 'n nuwe soort volksmens, die Afrikaner-volksmens.

## H O O F S T U K   V.

## A F R I K A A N S E   V O L K S K I E R K U N D E.

Boshoff beskou dierkunde en plantkunde as onderdele van die gebied volksnatuurkunde.[1] Albei word natuurlik geskaar onder die volkswetenskap. Die volksmens, wat nader aan die natuur lewe, beskou die dier anders as die sg. opperkultuurmens. Hierom is die volksgeloof deurtrek van spook- en sielsdiere;[2] ook in die weerkunde word diereverskynsels aangetref. Verder bestaan daar kennis in verband met diere aangaande die boerdery, jag, die volksgeneeskunde (bolneum animale); in die taal bestaan 'n reeks spreekwoorde en dierename, en in die volkskuns word dieresprokiesverklarings aangetref, asook dierefabels. Gepaard hiermee gaan die verskynsel van kultuurbevrugting. Die letterkunde motiveer die dierelewe en word sodoende kultuurkuns. Hiermee het ons die vernaamste deelgebiede van die volksdierkunde aangetoon.

Die bakermat van dieremitologie is Egipte. Vanaf die vroegste tye is alle diere in daardie land as heilig beskou. Dit was selfs so oordryf, dat iemand wat 'n heilige dier doodmaak, die doodstraf moes ondergaan. Dit was lewensgevaarlik om 'n valk of ibis om die lewe te bring. Die diere self is nie as heilig beskou nie, maar deur hulle te eer het die Egiptenare geglo dat een of ander god ook simbolies geëer word. Om hierdie rede het die meeste Egiptiese (af)gode menslike liggame met een of ander dierekop.

Gedurende die Romeinse kulturele opbloei, is 'n groot mate van geloof geheg aan die fauna van die natuur. Hulle was die gode van die woud wat deur alle landbouers vereer is. Hulle was veronderstel om menslike gedaantes te hê, met 'n kort bokstertjie, skerp horings en puntige ore. Hulle is in 'n bokvel geklee.

Ons sien dus dat die dier in die oudste opvattings die mens as ná verwant met die dier voorgestel het. Dit is duidelik dat die duiwelsgestalte sy oorsprong in die Romeinse faun-geloof het. Die dier is dus 'n baie ou motief in die bewussyn van die mens. Op ons Afrikaanse gebied moet ons derhalwe beide erfgoed en eiegoed verwag. Net soos die geval met die meeste verskynsels in die Afrikaanse Volkskunde is word 'n historiese én 'n natuurlike laag in ons volksdierkunde aangetref.

Die belang van die volkswetenskap bestaan daarin dat dit 'n lewende skakel met die verlede vorm. Dit dien as 'n spoor wat ons terugvoer na ouer stadiums van ons beskawingsgeskiedenis en selfs die primitiewe

---

1) Boshoff, p. 109.

2) Ibid., p. 113 - 118.

toestand van die mens se denkwyse. Wat vandag nog lewe op die gebied van ons volkswetenskap, word beliggaam deur ouer norms van die gemeenskapsmens. Wat vir ons vandag irrasioneel daarin skyn te wees, was eertyds die vaste oortuiging van die gemeenskap wat dit geskep het. So is die meeste verskynsels op die gebied van ons volksdierkunde verstarde begrippe uit 'n vroeër tyd. Hoe ouer die mensdom word, hoe meer objektief word sy wetenskaplike denke. In die oertyd het die mens geen ~~konsepsie~~ begrip van enige verskil tussen mens dier gehad nie. Die beginsels van ons diereverhale dateer terug uit die tyd toe mens en dier nog nie gedifferensieer is nie.

Die vrees vir ongelukke is altyd groter gewees as verwagting van geluk. Daarom is dit byvoorbeeld gevaarlik om sekere voëls te dood. Die duif is 'n heilige voël in die meeste religies, ook ons s'n; dit is sinnebeeldig van reinheid, maar dit word ook met die dood verbind, en as 'n duif op die dak van 'n huis sit, voorspel dit die dood van 'n huisgenoot. Wit, maar veral swart voëls wat slegs gedurende die nag vlieg, word in die meeste volksgelowe as simbole van ongeluk beskou.[1] So word die uil van oudsher in hierdie verband ~~geassosieer~~ gehuldig.

Algemeen-Afrikaans en ook algemeen-Europees is die geloof dat diere 'n skerper sin as die mens besit om die aanwesigheid van bonatuurlike verskynsels gewaar te word. Die kat is in die Skandinawiese mitologie as 'n heilige dier gehuldig. Middeleeuse hekse het gewoonlik die vorm van 'n kat aangeneem; katte kon ook die weer voorspel; as 'n kat oorboord gegooi word, verwek dit 'n storm op see.[2] Ten spyte van die algemene geloof dat swart onheil voorstel, word swart katte byna oral in Engeland as geluksdiere beskou.[3] Ons sien dus dat die volksdierkunde oeroue spore besit en dat velerlei en allerlei elemente daarin voorkom - alles die ragwerk van die menslike gees.

Die volksmens se verhouding met die dier is meer prakties as díe van die natuurmens. Tewens, sodra die utiliteitsfaktor in folklore voorkom, kan ons van volkskunde praat. Laasgenoemde stel 'n baie hoër trap van die groep se kultuurontwikkeling aan. Die volksmens beweeg in 'n kultuurstadium wat bestaan tussen die peil van die natuurmens (totemisme) enersyds en díe van die kultuurmens andersyds. Geen aspek van die menslike gees kan empiries afgebaken word nie, daarom is die volkskultuur ook nie geïsoleer nie, maar dit vertoon beinvloeding en spore van beide aangrensende kultuurlae. Om hierdie redes kan volkskunde as wetenskap wel bestaan, aangesien dit 'n sfeer van velerlei en allerlei kultuurverskynsels is, en om hierdie redes

---

1) Vgl. Hole, Christina : „English Folklore", p. 77.

2) Hole, p. 78 - 79.

3) Ibid., p. 79.

is volkskunde veral 'n kultuurstudie.

Sinds die vroegste tye het lewende hawe 'n baie groot rol in die ontwikkeling van elke volk gespeel. Die pastorale tydperk het voor die agrariese tydperk in die landbou ontstaan. Hiermee het die volksmens dan ook sy verskyning begin maak, deur die openbaring van sy praktiese aard in die sin dat hy diere aangewend het as lasdiere, trekdiere en as voedsel. So word die dier deur die volk aangewend om vet van te verkry vir kookdoeleindes, vir die smeer van gereedskap, vir seep, kerse, medisyne en toilet. Velle word gebruik as klere, vir leer, rieme, stroppe en swepe. Ander diereprodukte wat vir die bestaan van die landman onontbeerlik is, is melk, botter en kaas. Van die bene van diere word gebruik gemaak om die boer van beenmeel, kunsmis te voorsien. Kruithorings, worsstoppers, is veral gedurende die Groot Trek deur die volk algemeen gebruik. Op die gebied van die stoflike kultuur van die Afrikaanse volk, bestaan dan ook 'n groot terrein vir volkskundige ondersoek, wat heeltemal braak lê.

Om egter tot die Afrikaanse Volksdierkunde (dierelore) terug te keer, is dit duidelik dat die animistiese aard van die mens op hierdie gebied 'n belangrike en 'n groot rol speel. „Zielen woonden op aarde, en de ziel huisde nu eens in een mensch om later een boom, een krokodil, een kat, een beek te worden."[1] Uit die aard van sy gees wil die mens gedurig weet wat in die verskynsels van die natuur dag en nag aangaan. Daarom speel die dier selfs in die kosmogonie, die leer van wêreldvorms, 'n rol in die primitiewe denke. Die koei is in die Noorse mitologie die wese wat die aarde van die ysperiode bevry het. Toe die „wêreldstroom" bevries was, het die koei A n d h u m b l a ontstaan met haar vier uiers, wat die reus Ymir en sy geslag van voedsel voorsien het.[2] Hierdie mite wys op die opvatting wat die mens huldig i.v.m. die vrugbaarheidsbegrip van die koei. In die Indiaanse (Noord-Amerika) volksgeloof word 'n vrugbaarheidsbegrip aan die haas (konyn) geheg.[3] Die A l g o n k i n s glo dat die mens sy oorsprong in die haas het. Dit is natuurlik 'n vorm van totemisme waarby 'n besondere dier as 'n stamdier aangeneem en vereer word. Hier tree nog geen nuttigheidsbegrip in nie, en daarom is die verskynsel meer animisties as volkskundig.

As 'n dier in verband staan met een of ander natuurkrag, word hy maklik in die volksgeloof opgeneem, omdat gelykenis soms as werklikheid en ooreenkoms as identiteit in die primitiewe denke geld. Hieruit ontstaan die opvatting dat die arend, wat hoog en naby die son kan vlieg,

1) „Wij en de Dieren", p. 9.

2) Ibid., p. 11.

3) Ibid., p. 11.

en die haan wat die dag aankondig, sondiere is. Die haan se kam en 'n vlam het ook 'n inslag in die volksgeloof deurdat daar 'n vormooreenkoms tussen die twee bestaan.

Die slang word in die volksgeloof aangetref vanaf die vroegste tye. Sy golwende bewegings herinner aan water en so ontstaan „waterslange"; sy blink vel laat dink aan diamante en gee aanleiding tot die geloof aan „diamantslange".[1] Hierdie assosiasie van gelykaardige vorms gee aanleiding tot die oorsaaklike kennis waarop die volkswetenskap berus.

Onder die vroegste opvattings in die Egiptiese volksgeloof is huisdiere ook as heilig beskou.[2] Die kat is as die wese van huislikheid aanvaar. In die Griekse volksgeloof het die bok die voortplantingsgeweld voorgestel; die Semiete het die stier beskou as simbool van krag en vrugbaarheid. Die stier a p i s is in Egipte vereer as simbool van vrugbaarheid en krag.

In die dierekultus is dier- en mensmotiewe soms vermeng. Die Griekse sentdiere is skeppinge wat hieruit vloei. Verbeeldingsdiere kan hier bygereken word: meerminne en bo-aardse wesens. Die basis van sulke skeppinge is die mistieke verbeeldingskrag van die mens.

Verbonde aan die groot oë van die uil, het die opvatting waarskynlik ontstaan dat die uil die simbool van wysheid is; dit stel speursin en studie voor. Die nugterheid van die volksmens en die realisme van sy natuuromgewing verkry genoegsame kompensasie in sy fantasie.

Die ongunstige rol van die wolf in die meeste dieresprokies is ongetwyfeld Europees-geöriënteer. Dit dui op die onbewuste haat teen die vrees vir die dier se mensvretery in sommige dele van Europa.[3]

In die volksdierkunde word twee hoofgroepe diere aangetref: 1) nuttige diere en 2) skadelike diere. Dit wys hoe egosentries die mens in sy diepste wese is; hy projekteer sy eie bewuste lewe op díe van die wêreld om hom heen. Dit is 'n weerspieëling van die verskynsel wat menslike eienskappe aan diere toeskryf. So word daar bv. in die dieresprokies vertel dat die „diere" kerkhou of vergadering hou", ens. Die vorms in die gemeenskapslewe van die mens word in die volksdierkunde oorgeplant op díe van die diere. In die volksgeloof tref ons diere van die lig en diere van die duisternis aan; die middeleeuse kerklike inslag het dit soms vervorm tot goddelike diere en diaboliese diere. Hiermee openbaar die volksmens onbewus sy twee teenoorgestelde sedelike norms teenoor mekaar: goed en kwaad.

---

1) Vgl. Coetzee, „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 60 - 76.
ook „Wij en de Dieren", p. 13.

2) „Wij en de Dieren", p. 14.

3) Vgl. Ibid., p. 17.

Elke dier wek 'n bepaalde emosie of gevoelsassosiasie by die mens op. Die geheimsinnigheid van die dierelewe maak dat hulle romantiese wesens in die oog van die mens word. En waar onkunde of geheimsinnigheid bestaan, is die veld braak vir volksgeloof en animisme. Hieruit ontstaan ook die dieremotief in kunste soos literatuur, skilderkuns en beeldhoukuns. Die meeste dieremitologie gaan uit van die veronderstelling dat 'n dier 'n siel het. Dit is 'n opvatting wat uit wesenlike behoeftes in die menslike gees spruit. Daarom het die vorm en lewenswyse van diere 'n invloed en 'n inslag op menslike lewensverskynsels soos sy estetiese, etiese en psigologiese norms.

In die volksdierkunde tree sprokiesverklaring op in die beantwoording van vrae soos waarom 'n uil juis in die nag rondvlieg, die haas 'n gesplete lip het, 'n uil op 'n huis se dak onheil voorspel, 'n bok herkou, 'n son eers teen sononder sterf, kuiergaste kom as die haan kraai, die kat hom lek, daar 'n basilisk uit sekere eiers uitbroei.[1] Uit Nederlands het hierdie Germaanse elemente ons volksdierkunde binnegetree. Diere het daarin elk 'n eie aard, vorm, lewensgeskiedenis en ander eienskappe.

Oorgeërf is die geloof aan die bestaan van die basilisk. Ons lees daarvan in die Bybel: „en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk,"[2] en later: „wees nie bly nie, o ganse land van die Filistyne, dat die roede verbreek is wat jou geslaan het nie; want uit die wortel van die slang sal 'n basilisk voortkom, en sy vrug sal 'n vlieënde draak wees."[3] Die gedaante in die Bybel word oor die algemeen met die slang geassosieer: „Want kyk, Ek stuur slange, basiliske onder julle waarteen daar geen beswering is nie, en hulle sal julle byt, spreek die Here."[4] Oor die algemeen skyn dit 'n onheilsdier te wees.

Oor die vorm van die baselisk in die Afrikaanse Volksgeloof skryf dr. Abel Coetzee as volg:[5] „Die haan of sy hen, lê egter 'n klein eiertjie sonder dooier waaruit 'n verskriklike ondier gebore word, die baselisk. As die eiertjie uitbroei en die dier, wat akkedisagtig lyk, sien jou eerste, sterf jy; sien jy hom eerste, sterf hy. Selfs as die eier net gebreek word, kan jy ook jou dood raakloop; dus word die baseliskeier oor 'n klipmuur of oor 'n huis stukkend gegooi. Geen wonder dat die hoender wat so 'n eier lê, net soos die hen wat kraai, om die lewe gebring moet word (Boshoff, Lichtenburg,

---

1) Vgl. Boshoff, p. 109.

2) Jesaja 11:8.

3) Jesaja 14:29.

4) Jeremia 8:17.

5) „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 135.
„Beskouinge en Feite", p. 109.

Nylstroom, Higgshope, Potchefstroom, Dullstroom, Kakamas). Wat die wesenstrekke betref, slaan ons volksgeloof in hierdie opsig presies ooreen met die Germaanse."

Plinius het alreeds kennis gedra van die b a s i l i s k o s , wat k l e i n k o n i n g beteken (lib. viii:21); sy liggaam is bedek met helder kolle, en die op sy kop het soos 'n kroon gelyk. Hy het skerp, vurige oë gehad, en was swart van kleur. Alle ander slange het voor hom gewyk. Hy het nie soos ander reptiele geseil nie, maar orent voortbeweeg en alle plante deur sy asem verskroei.[1] Dit is duidelik 'n kind van die fantasie. Maar kennis deur waarneming sowel as skeppinge van die verbeelding is twee verskynsels wat herhaaldelik verskyn in die volkswetenskap.

In die weergeloof speel die dier 'n besondere rol. So kan diere deur hulle gedrag die koms van reent aankondig. By ons geld miere, vlieë, paddas, in hierdie verband. Voëls „voel" reent kom, dus vlieg hulle na skuiling, ook insekte. Donkies klap hulle ore lomerig as reent, voorafgegaan deur donderweer, gaan kom. Volstruise spring rond voor dit gaan reent. As skape spring, sal die wind waai.[2]

Ons is power op Afrikaanse gebied aan weerrympies waarin diere die vernaamste motiewe is, maar ons wys op die volgende Nederlandse voorbeelde:[3]

Maakt de spin in 't net een scheur,
Dan klopt de stormwind aan de deur.

Vliegt de leeuwrik snel omhoog,
Dan wordt de hemel klaar en droog.

Een koekoeksroep ter helft van Maart
Is voor den boer een daalder waard.

Voortekens van reent of onweer is o.a.:- as die paddas baie kwaak, as die reismiere baie bedrywig is, as die rooimuis in die kombuis swerm, as reiers aan die waterkant sit.[4]

Onder die gelukbrengers is die kwikstertjie en die swaeltjie algemeen bekend.[5] Die haan kondig goeie tyding of besoekers aan.[6] Twee kraaie voorspel in Suid-Afrika geluk of voorspoed.[6] 'n Wit spinnekop wat van die dak afhang, stel geluk voor.[4] Die sprinkaan word volgens Schonken as 'n goeie dier in die Afrikaanse dierelore aangegee,

---

1) Vgl. Annandale, deel II, p. 57.
2) Rasch, J., „Ons Volk", p. 97 - 99.
3) Scholtz, p. 128.
4) Schonken, p. 104.
5) Boshoff, p. 110.
6) Coetzee, „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 135.

**Author** Hudson Charles William
**Name of thesis** Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.